

22 MEI

SKRIFGEDEELTE: PSALM 29:1-11

FOKUSGEDEELTE: Psalm 29:10-11

### Die Here heers as Koning

Bekommernis behoort nie eintlik deel van jou woordeskat te wees nie. Hoe kan dit immers? Lees hierdie belydenis in vers 10 – *Hy heers vir altyd as koning*. Ja waarlik God heers! Die hele psalm sing van sy grootheid en almag. Niks is vir Hom onmoontlik nie. Hy is die begin en einde!

En tog werk ons asof alles van ons self afhang en leef ons daaglik met twyfel en ang – sal sake tog reg uitwerk? Dalk doen ons dit want die fokus is so baie keer op ons self. Ons is teleurgesteld en verloor vertroue want sake verloop nie soos ons dit wil nie. Vers 11 staan egter op vaste grond *God gee krag aan sy volk en Hy seën ons met oorvloed!* Dit sien ons uit die geskiedenis wanneer God telkens sy kinders red uit swaar omstandighede. Dit sien ons vandag nog in ons eie lewens wanneer God ons in die gebroke wêreld versorg.

Maak nou jou arms oop en spring! Gee jouself oor aan God se almag! Leef in die vertroue dat Hy in beheer is. Maak soos die saaiboer wat plant maar dan op God vertrou vir die reën. Luister na die woorde van Christus (Matteus 6:24-34), hou jou fokus op Hom (1 Joh.2:6) en raak rustig. *Hy heers vir altyd as koning!*

Sing: Skrifberyming 11-2:1 en 2

Ds Nico Grönum (Wierdapark)